

Inhoud

Voorwoord – Jeanette Ferreira

Inleiding – Louis Bothma

Aankoms – Ben Viljoen	1
Amnestie se moer – Bertus Steenkamp	8
Debrief – Joey Ramone	15
Diamantjies van Nell – Jan Horn	17
Die duif – Johan Kruger	25
Die gat – Deon Opperman	32
Die Grenspakkie – Theresa Papenfus	38
Die offer – Hennie van Coller	41
Die slave cylinder – Jeanette Ferreira	48
Emigré – Ben Viljoen	54
Hoe dit vir my was – Jaco Fouché	60
Hoekom jy hier is – Fanie Viljoen	65
Hulle kyk vir my – François Verster	69
Kerkparade – Gerda Taljaard	71
Kontak in konteks – Dolf van Coller	74
My oë wil nie sien nie – Bartlett Raath	78
My oorlog – Christiaan Bakkes	80
'n Doel om voor te lewe – Lien Roux-de Jager	85
'n Onwaarskynlike troep – Douwleen Bredenhann	91
Pro Patria – Bartlett Raath	96
Randomfok – Johan Bakkes	98
Sekelbos – Helene de Kock	101
Sektor een-zero – Thijs van der Merwe	107
Simulasie – Bernard Odendaal	113
Sparks Moerdijk – Trudy Erasmus	119
Suikerseep – Maretha Maartens	129
Top cover – Bertus Steenkamp	137
Troepetrein – Fanie Viljoen	142
Tuisfront – Marius Ackermann	145
Vir volk en vaderland – Kees van Dijkhorst	150
Wag – Jaco Fouché	157
Woordverklarings	164

Voorwoord

JEANETTE FERREIRA

Die Grensoorlog, ook genoem die Bosoorlog, laat hom moeilik afbaken. Vir meer inligting hieroor, wie die strydende partye was en wat tot die oorlog aanleiding gegee het, word die leser verwys na Louis Bothma se insiggewende inleiding tot hierdie bundel.

Wat wel duidelik is, is dat daar intense verdeeldheid was en steeds is oor wie die oorwinnaars was en of dié oorlog noodweer was of nie. Koerantartikels en voorhuisgesprekke getuig steeds daarvan. Noem mens vandag die Grensoorlog of verwys jy na 'n insident daaruit, lees jy dikwels uit net jou gespreksgenote se lyftaal hoe hulle daarvoor voel.

Jonger mense is grootliks onkundig oor dié oorlog. Dit het met hulle ouers gebeur, of hulle ouers het dit laat gebeur. Die nuwe generasie het lankal 'n nuwe stryd aangepak, hoewel nie met amptelik uitgereikte wapens of onder verpligting nie, maar nie daarom minder fel of minder noodgedrewe nie. Hierdie bundel is ook vir hulle; nie omdat mens sal hoop hulle leer iets daaruit nie want dit sal naïewe hoop wees. Jonger lesers sal hoogstens hierdeur kan beseef dat die verlede insig op die hede kan bied – as jy ontvanklik is daarvoor.

Tydens en vanaf die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boeroorlog (1899–1902) het 'n stroom fiksie en niefiksie daarvoor verskyn en dit is steeds die geval. Tog het Suid-Afrikaners tydens dié herdenking rede gehad om oor 'n veel onlangser oorlog na te dink, wat genadiglik ten einde geloop het met die ontbanning van verbode organisasies in 1990. Solank die Grensoorlog gewoed het, was publikasies skraal en dit het gou opgedroog. Tot 'n jaar of vyf die nuwe millennium in. Toe, dekades ná die hoogtepunt – in soverre dit nie 'n klaaglike laagtepunt was nie – van daardie oorlog in die bos, was dit asof Suid-Afrikaners uit 'n skoktoestand bykom en begin bestek opneem van wat met hulle gebeur het. Straks moet mens 'n hele ent wegstap om 'n baie groot beskilderde muur in perspektief te kan beskou.

Die meeste publikasies wat daaruit voortgespruit het, was 'n feitelike herskepping van gevegte en veldslae, skermutselings en terugtrekkings, oorwinnings en neerlae – wat van alkante betwis is oor die feitelikheid en interpretasie daarvan. Hoewel daar sedertdien enkele kragtige fiksietekste ontstaan het, het niefiksie die botoon gevoer.

Hierdie bundel wil met fiksie 'n stem gee aan mense se kreatiewe weergawe van die mensdom se oudste stryd teen homself. Die fisieke en geestelike letsels

My oorlog

CHRISTIAAN BAKKES

Elke ou beleef oorlog anders. Dit hang af van die persoon en dit hang af van die oorlog. Party ouens is gemaak vir oorlog. Hulle kan nie wag om aan te sluit nie. Hulle gooi hulle hart en siel in die opleiding. Hulle is gewoonlik te vinde in elite-eenhede. Mens kry hulle in die voorste linies en aan die skerpste kant. Dit vat 'n sekere soort ou.

Party ouens vermy oorlog. Hulle het verskillende redes. Party ouens het gewetensbesware. Ander ouens staan die regering teen. Ander het bloot nie lus nie. In 'n land of sisteem waar verpligte militêre diens ingestel is, kry mens hierdie ouens op universiteite of in die buiteland. Dié wat gevang word, kry mens in die detensiebarakke.

Dit is die twee uiterstes. Die oorgrote meerderheid ouens kry mens iewers tussenin. Party ouens dink hulle is gemaak vir oorlog. Tydens basiese opleiding kom hulle tot ander insigte. Sodra die korporaals begin skree en die skote begin klap, besef hulle hul was verkeerd.

Ander is weer onwillig om te gaan. Hulle voel dit onderbreek hulle lewe. Iets gebeur met hulle tydens opleiding. Skielik voel hulle tuis. Hulle vind onverwagse vervulling in soldaatwees. Daar is iets omtrent die dissipline, kameraderie en avontuur wat tot hulle spreek.

Daar is baie vlakke en skakerings van hierdie voorbeelde.

Party ouens kom terug met trots en genoegdoening. Aan hulle bors is 'n medalje, wat hulle koester. Ander kom terug vervul met weersin. Vir die res van hulle lewe probeer hulle vergeet.

Dan is daar die aard van die oorlog. Die Bosoorlog, of Grensoorlog, waarin my generasie betrokke was, was van lae intensiteit. Dit is nie te sê dat daar nie hewige gevegte en groot operasies was nie. Dit beteken nie dat daar nie mense se lewe verwoes is nie.

Die Suid-Afrikaners het te staan gekom teen 'n verbete en vasberade vyand. Die PLAN-soldate het geglo in hulle saak. Vir hulle was dit 'n vryheidstryd. Boonop is hulle ondersteun deur die Angolese weermag, Kubaanse soldate, Sowjetwapentuig en -raadgewers.

Die Suid-Afrikaanse spesiale magte kon van hierdie vasberadenheid getuig tydens gevegte soos dié by Eheke. Met groot moeite, lewensverlies en ongevalle kon hulle die vyand verower. 32 Bataljon het dieselfde beleef tydens Savate. 61

Ek was 'n dienspligtige infanterieoffisier en het diens gedoen vanaf 1984 tot 1986. Met die opdrag van die uitgewer om fotos vir die voorblad te skiet, het ek na die geleentheid gegryp aangesien ek ook "daar was". Die weermaghuisk in die kantekamer is nader gesleep en met die oopmaak daarvan (die eerste keer sedert 1987), het 'n golf emosie oor my gespoel. Elke enkele item het 'n storie, of dit nou tydens opleiding (Infanterieskool) of tydens ontplooiing (53 Bn) was, maar daar is definitief iets te koppel daaraan. Ek het so baie items gehad om van te kies om af te neem, maar het uiteindelik op die boshoud en dog tag besluit, aangesien almal wat daar was hierdie twee items sou gedra het, ongeag die eenheid of afdeling. Die Pro Patria-medalje op die oterplaat is ook 'n redelik universele item en die meeste soldate wat langer as die vereiste tydperk op die Grens was, het gekwalifiseer vir hierdie medalje.